# HERVORMINGSONDAG
# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Die Gees getuig deur die water en bloed

**Skriflesing:**
1 Johannes 5:1-15

**Teksvers:**
1 Johannes 5:5 -10

**Sing:**
Ps 105:2, 3, 5
Ps 119:52, 53
Ps 128:3, 4
Ps 20:1, 2, 3, 4, 5
Sb 13-3

**Prediker:** Ds Lourens Venter

Deur die geloof alleen: Sola Fide. Deur die geloof alleen kry ons deel aan God se genade. Elkeen wat Glo in Jesus Christus is uit God gebore. Dit is hulle wat deur die liefde van God gedring en nuutgemaak word. Dit is hulle wat God liefhet met die liefde waarmee Hy ons eerste liefgehad het. Deur die geloof oorwin ons die wêreld.

Hoe kan ons anders as om te getuig van die oorwinning in Christus. God self getuig deur die water en die bloed. Dit is die Gees wat getuig want die Gees is die waarheid. En elkeen wat deel het aan Christus deur die krag van die Heilige Gees, getuig dat hulle kinders van God is.

Vanoggend sien ons die getuienis van die Heilige Gees deur die water en die bloed, want elkeen wat in die Seun van God glo, het die getuienis in hulself.

**SONDAGAAND 18:00**

## God seën diegene wat die waarheid van sy Woord alleen soek

**Skriflesing:**
Hebreërs 10:32-39

**Teksvers:**
Hebreëers 10:39

**Sing:**
Ps 150:1
Sb 10-2
Sb 3-3:1,4,5,6
Sb 13-3

**Prediker:** Ds Christo Swanepoel

1. Sola Gratia
2. Sola fide
3. Solus Christus
4. Sola Scriptura
5. Soli Deo Gloria

*"Maar ons is nie van die wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe."*

Heb 10:39



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion
Jaargang 47 Nr 38 30 Okt 2022

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

# Hervormingsondag

Vandag is 'n besondere dag in die kerkgeskiedenis. Ons ken die laaste Sondag van Oktober as Hervormingsondag. Dit was op hierdie dag in 1517 wat Martin Luther die bekende 95 stellings teen die kerkdeur van die Schlosskirche in Wittenberg geslaan het, wat die koers van die geskiedenis sou verander.

Dit was nie soseer die 95 stellinge in opsig self wat die verskil gemaak het nie, as die insig wat Luther gehad het in die Skrifte. Natuurlik was daar opponerende opinies, maar selde was daar soveel oortuigende vasberadenheid waardeur die gewete van die mens gebind word deur die Woord van God.

Die Rooms Katolieke gebruik van aflate waardeur mense se siele losgekoop word uit die vagevuur en die noodsaaklikheid van goeie werke wat meriete verdien was totaal teenstellend met die Bybelse getuienis van verlossing deur geloof.

Romeine 1:*"[16]Ek skaam my immers nie vir die evangelie nie, want dit is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood, maar ook vir die Griek. [17]Want daarin word geopenbaar dat die •geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan: "Die regverdige op grond van geloof sal leef."*

Vandag kan ons hierdie getuienis van geloof saam met ons broers en susters wat belydenis aflê, gedenk. God spreek ons vry alleen op grond van ons geloof! Die Evangelie is 'n krag van God wat red.

So kan elke lidmaat vanoggend getuig van hulle lewens wat drasties verander is deur hul geloof in die Seun van God. Soms vergeet ons hoe heerlik die verlossingsbelofte van God se Blye Boodskap is. Ons raak so maklik vasgevang in die sorge en belange van die lewe dat ons die uitsonderlikheid van ons Here Jesus Christus miskyk in die algemene bekendheid.

Mag ons vandag weer herinner word aan die kosbare getuienis van ons geloof. Mag die Heilige Gees weer nuwe vreugde en opgewondeheid wek in jou hart deur die tekens van water en bloed.

Romeine 10: *"[9]Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en jy glo met jou hart dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word."*

Lourens Venter (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Vrug van die Gees!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 23, Ps 107:1 Volgende week: Les 24, Sb 3-3:1,6

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: EVK-projekte

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Sustentasiefonds

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
| --- | --- | --- |
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



**Benodigdhede:**

Die sleepwaentjie wat geparkeer staan op die stoep voor die saal, wil graag gevul word met:

- Koekmeel
- Bakpoeier
- Suiker
- Kookolie
- Vla
- Rys
- Kontantbydraes
  - Plaas in die kollektesakkies in 'n koevert, duidelik gemerk as: Somermark
  - EFT-betalings in die Kerkraad se rekening, met depositoverwysing, Somermark. Die rekeningbesonderhede is: Gereformeerde Kerk Centurion, Absa Lyttelton, Takkode: 632005, Rekeningnr: 600 340 409

**Wit Olifante:** (nie lewendiges nie)

Gaan asseblief deur u huis, motorhuis, tuinhuisie, makoekoe, en bring daardie artikels wat al vir jare in onbruik gebêre word, kerk toe. Plaas dit ook sommer in of by die waentjie. Ds. Maarten sal dit verder versorg.

Susters – Erna Olivier

GKC-Projektespan – Tjaart vd Walt




**Beroepe aanvaar**

Proponent AP (Peet) van der Westhuizen na GK Wolmaransstad

# SOMERMARK

**3 Desember 2022**

Die doel van die Somermark is om saam te kuier, saam te koop en saam fondse in te samel vir die instandhouding van ons kerkgebou en ander fasiliteite.

**Wat gaan op die mark wees?**

1. **Stalletjies** (vlooimark – uitgesluit Chinese tjorts)
   - Ongeveer 50 stalletjies
   - R100 per stalletjie
   - Skakel om 'n stalletjie te bespreek: https://forms.gle/LQwCiPFVH7jkySMy6
2. **Kos** – kosstalletjies is alles van en vir die gemeente:
   - Susters:
     - Kerrie-en-rys
     - Poedings
     - Soet-suur vark en rys
   - Diakonie:
     - Worsbroodjies met lekker sous en gebraaide uie
   - Juventus:
     - Pannekoek – soveel as moontlik en nog meer
3. **Karwas**:
   - Bring jou voertuig en die GTA sal dit 'n buitewas gee (met emmers – ons moet water spaar)
4. **Koeldrank**:
   - SeniorAksie
5. **Craft/Gin/Whiskey-proe:**
   - Hoef ons meer te sê?



# Verjaarsdae

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 30 Okt | Annemarie | Alberts | B07 | 27829257623 |
| | Gerda | du Plessis | B04 | 27828591257 |
| | Hercules | du Plessis | B10 | 27823376837 |
| | Johan | Loock | B13 | 27823317277 |
| | Lena | Malan | C01 | 27834577294 |
| | Rika | Raubenheimer | C13 | 27814843545 |
| | Christo | Smit | C03 | 27824608432 |
| 31 Okt | Karen | Rebel | A01 | 27846100170 |
| 01 Nov | Marna | Cronje | A16 | 27837258111 |
| 03 Nov | Hannes | vd Berg | A05 | 27833761506 |
| | Judy | Venter | A11 | 27828546499 |
| 04 Nov | Rochelle | Bloemhof | A07 | 27763286939 |
| | Esther | Hoffmann | A02 | 27832001907 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31 Okt | Janél | Breed | A08 | 27798834776 |
| | LJ | Henning | B12 | 27792756242 |
| | Marnus | Labushagne | B06 | 27786881507 |
| 01 Nov | Ruben | Strydom | A04 | 27828722215 |
| 02 Nov | Annick | Nel | B19 | 27828800797 |
| 04 Nov | Hannah | Brits | B15 | 27827821413 |

*"n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie ..."*

*Matt 7: 18*

# Ons gee om vir Mekaar

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Riana Carstens sterk aan in Midstream hospitaal (C4—667 2370).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk

- Baie geluk met die **doop** vanoggend:
  - Awie van der Merwe.
  - Jacques en Elani Stevens met die doop van Johané en Elzette.
  - Willie en Joani Cronjé met die doop van hul pleegkinders: Anzelle Potgieter, Zante Rootman, Hector Liebenberg, Ockert Liebenberg, Daron van der Sandt en Deon Schürmann.
- Baie geluk met die **Aflegging van Belydenis van Geloof** vanoggend: Jacques Stevens, Awie van der Merwe, Cherlene Marais, Willie Cronjé.

**Alethea Outreach 11:00**

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huis-oordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

**Mobiele Haarkapper**. Is dit moeilik om by 'n Haarsalon uit te kom? Ek kom na jou toe: was, sny, kleur— Centurion-omgewing. Lindie de Beer 076 241 2967.

## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00

\- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdagaande 19:00



### GTA – Tieners en Gesinne

Boskopdam – Seilnaweek

**8-11 Desember 2022**

Kontak di Maarten/Gerrit indien jy wil saamgaan






## Lekker koekies en beskuit vir die vakansie!

Die Diakonie is betrokke by verskeie kinderhuise in ons omgewing. As deel van ons bediening, wil ons graag in Desember die kinderhuise bystaan om skoolskoene en skryfbehoeftes aan te koop. Hiervoor samel ons fondse in deur koekies en beskuit te koop aan te bied.

Die koekies en beskuit kan bestel word by diaken **Willem Visser (082 452 6377)**. Betaling kan gemaak word aan die Diakonie met die verwysingsnommer wat aan u gegee sal word met u bestelling. Dit kan Sondag, **6 November** na die oggend-erediens by die olyfboom afgehaal word.

| **Produk** | **Prys** |
|---|---|
| **Beskuit** | |
| Anys 500g | R50 |
| Karringmelk 500g | R50 |
| Gesondheid 500g | R50 |
| Lae G.I 500g | R60 |
| **Koekies** | |
| Chock chip 310g | R35 |
| Klapper 310g | R35 |
| Gemmer 310g | R35 |
| Suurlemoen 310g | R35 |
| Gemengde 310g | R35 |
| Gemengde 1.4kg | R140 |

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**30 Okt**

Elana Brits Blok B
Cecilia Wolmarans Blok B



**6 Nov**

Rika Pretorius Blok B
Anita Snyman Blok B
Mari Coetzee Blok C

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## SENIORFUNKSIE: TOEKA SE DAE




**Jy word hartlik uitgenooi na 'n reis deur TOEKA SE DAE saam met die ALBERTONSE MANNEKOOR**

**Saterdag 5 November 2022**

**om halfdrie by GK Centurion**

**RSVP asb voor 2 November by:**

**076 591 7453**

***Bring enigiets uit jou Toeka-herinneringe saam om oor te gesels!***